Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service

UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY








# Jaarverslag

# 2009





# Inhoud


**Boodskap van die Senior Direkteur** 3

**Oorsig** 3

**Pro-aktiewe dienslewering aan ons kliënte** 4

1 Bronverskaffings- en dokumentleweringsdienste 4

2 Inligtingsgeletterdsheidontwikkeling 5

3 Navorsingsondersteuning 6

4 Bydraes tot navorsingsuitsette 6

**Opbou en aanvulling van ’n volledige reeks inligtingsbronne** 8

1 Nuwe bronne 8

2 Vrye toegang (“Open Access”): ’n toenemende prioriteit 8

3 Elektroniese boeke as belangrike leer- en onderriggereedskap 8

4 Gedrukte boekversameling 9

5 Elektroniese tydskrifte 9

**Optimale gebruik van ons finansiële bronne** 9

**Ons personeel en personeelontwikkeling** 10

1 Ons personeel 10

2 Personeelopleiding en -ontwikkeling 10

3 Professionele bydraes: aanbiedinge/referate/toesprake/artikels 10

**Doeltreffende toepassing van inligtingstegnologie** 11

**Kommunikasie en bemarking** 11

**Strategiese Rigtings 2010-2015** 12







## Boodskap van die Senior Direkteur

Die jaar 2009 was opwindend en stimulerend vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens, stellig selfs meer as vorige jare – vol nuwe gebeure en nuwighede vir die Universiteit Stellenbosch. Dié stand van sake beloof goed vir die Biblioteek- en Inligtingsdiens, aangesien dit in pas is met die internasionale tendens van dinamiese paradigmas en veranderende omgewings waarin biblioteke oor die algemeen, en akademiese biblioteke in besonder, deesdae funksioneer. Akademiese biblioteke staan by 'n belangrike kruispad. Tendense en opkomende kwessies, wat hoofsaaklik deur snelle tegnologiese vooruitgang beïnvloed word, dui daarop dat biblioteke aan die hand van 'n nuwe kontinuum aan die ontwikkel is. Die aanwending van hierdie nuwe tegnologieë, wat die omskakeling van gedrukte inhoud na elektroniese formate insluit, verg herbesinning oor die rolle en funksies van biblioteke en bibliotekarisse in die digitale era.

Die nuwe kontinuum waarin biblioteke hul tans bevind, berus op tydsbesparing vir die kliënt, en die versekering dat biblioteke aanhou groei in pas met die veranderende invloede wat tegnologie meebring. Hierdie paradigmaskuif bied die beroep die nodige ruimte om weg te beweeg van die tradisionele fokus, naamlik om versamelings boeke en verwante materiaal in biblioteke te orden en daardie bronne aan kliënte en ander beskikbaar te stel.

In die huidige digitale era kan inligtingsoekers bedags óf snags op enige plek ter wêreld in hul inligtingsbehoeftes voorsien – ook sonder om ooit 'n voet te sit in 'n gebou wat tradisioneel 'n biblioteek genoem is. Die internet, biblioteekwebportale en volteks elektroniese hulpbronne bied gebruikers 'n mate van toegang tot en benutting van inligting, wat onmoontlik was tot en met die laaste dekade van die 20ste eeu.

Die sirkulasie van boeke, tydskrifte en ander materiaal was nog altyd een van die kernmaatstawwe van die gebruik van 'n biblioteek. Internasionale navorsing bevestig egter 'n toenemende afwaartse tendens in sirkulasiestatistieke, en die Universiteit Stellenbosch is geen uitsondering nie. Hierteenoor staan egter die beduidende toename in instapsyfers. Indien 'n mens dus die biblioteek heromskryf as enige punt waar gebruikers geordende en betroubare inligting kan bekom, het biblioteekgebruik, wat toegang tot die fisiese gebou én die menigte toegangspunte buite die fisiese entiteit insluit, sowat die afgelope dekade in effek die hoogte ingeskiet. Moderne inligtingsoekers, veral navorsers onder tydsdruk, soek maklike, onbelemmerde toegang tot versamelings en gelyktydige soekdienste.

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens van die Universiteit Stellenbosch sal dus steeds 'n wesenlike rol in die akademiese lewe van studente, navorsers en personeel speel – ons verbintenis is om steun te verleen, en na vindingryke wyses te soek om steun te verleen aan die bereiking van akademiese uitnemendheid, en só die Universiteit te help om sy mandaat te vervul.

Die gereelde positiewe terugvoering van ons gebruikers – met kommentaar op ons uitstekende dienslewering, en erkenning van die bydrae wat ons tot die Universiteit se hoëvlaknavorsingsuitsette lewer – is bemoedigend.

Ons reis graag verder op pad na 'n 21ste-eeuse akademiese biblioteek. In hoogste versnelling spoed ons voort om die institusionele strategiese doelwitte te behaal, en 'n beduidende bydrae tot die Universiteit se visie van 'n 'pedagogie van hoop' te maak.

Laastens dra ek graag my opregte dank oor aan my uitnemende bestuurspan, uitstekende en toegewyde biblioteekpersoneel, die Viserektor (Navorsing) vir sy ondersteuning, en ander kollegas vir hul bydraes, waarsonder ons nooit soveel sou kon bereik het soos wat wel die geval in 2009 was nie.

**Ellen R. Tise**
**Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens**

## Oorsig

Die 2009 jaarverslag van die Biblioteek- en Inligtingsdiens bied 'n oorsig van die verskillende bedrywighede wat in 2009 plaasgevind het, sowel as van vordering met strategiese aksies van die jaar.

Die Biblioteek se bydrae om toe te sien dat die Universiteit sy mandaat deur die versnelling van strategieë deur middel van sy Oorhoofse Strategiese Plan (OSP) vervul, was beduidend, en word belangriker namate die Biblioteek al hoe meer onmisbaar word in 'n era van eksponensiële en wydverspreide inligtingstoename. Die Biblioteek se Strategiese Plan 2007-2009 het die raamwerk vir voormelde bydrae gebied.

Die noodsaaklike elemente van bogenoemde driejaarplan was soos volg:

- Om die personeelkorps so doeltreffend en doelmatig moontlik te gebruik om 'n uitstekende en proaktiewe kliëntegerigte diens te lewer
- Om toepaslike tegnologie en beskikbare hulpbronne so goed moontlik aan te wend
- Om inligtingsbronne uit te brei om in die onderrig-, leer- en navorsingsbehoeftes van die akademiese gemeenskap te voorsien

Om aan hierdie belangrike elemente te voldoen, het die Biblioteek vir elke jaar aksieplanne opgestel. 'n Ontleding van die aksieplanne, vir selfbeoordeling sowel as vir die ontwikkeling van Strategiese Rigtings 2010-2015, dui daarop dat die Biblioteek die meeste van die aksieplanne suksesvol uitgevoer het. Die ontwikkeling van Strategiese Rigtings 2010-2015, wat teen die middel van 2009 'n aanvang geneem het, word onderstut deur veranderende filosofieë wat die wyse waarop akademiese biblioteke 'n diens aan sy kerngebruikersgemeenskappe lewer, beïnvloed.

In die strewe na ons doelwit om lewendige leerruimtes te bied, het ons uitstekende vordering gemaak met die OSP-projek van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, naamlik "Toegang tot elektroniese bronne: studentesukses en steun vir navorsing". Hierdie projek is daarop gemik om 'n elektroniese hulpbronsentrum en opleidingsfasiliteit ('n sogenaamde Leersentrum) in die JS Gericke Biblioteek in te rig, met interaktiewe leerruimtes, toerusting en fasiliteite om inligtingsgeletterdheidsontwikkeling onder voorgraadse studente te bespoedig. Die oprigting van die Leersentrum sal vroeg in 2010 'n aanvang neem en na verwagting

teen Oktober 2010 voltooi wees.

Ingevolge die strategiese doelwit om beter steun te bied aan nagraadse studente en navorsers, was die Biblioteek- en Inligtingsdiens bevoorreg om in Junie 2009 by 'n nuwe Konsortium vir Suid-Afrikaanse Navorsingsbiblioteke (met finansiering van die Carnegie Korporasie van New York (CCNY)) te kon aansluit. Die gepaardgaande finansiële steun van die CCNY sal die Biblioteek- en Inligtingsdiens in staat stel om ook 'n ultramoderne Navorsingsentrum in die JS Gericke Biblioteek in te rig om gespesialiseerde en toegespitste steun aan nagraadse studente en navorsers van die Universiteit te bied. Die vestiging van hierdie fasiliteit sal die Biblioteek- en Inligtingsdiens se bydrae tot die Universiteit se doelwit om 'n navorsingsintensiewe hoëronderwysinstelling van wêreldgehalte te wees, beduidend verhoog.

Een van die Universiteit se strategiese prioriteite is om teen 2015 beduidend meer nagraadse en navorsingsuitsette te lewer. Daar bestaan sinergie tussen die toename in nagraadse uitsette en navorsingsuitsette. 'n Toename in albei hierdie uitsette, deur sowel meer sigbaarheid as toeganklikheid, het 'n positiewe uitwerking op die instelling se vermoë om hoëprofielsamewerking, navorsingsfinansiering en nagraadse studente van formaat te lok. 'n Belangrike stap om dié doel te verwesenlik was die verdere ontwikkeling van 'n institusionele Digitale Navorsingsbewaarplek. Die hoofdoel van die Digitale Navorsingsbewaarplek is om die navorsingsuitsette van die instelling met behulp van die oopbronsagteware DSpace op SUNScholar vas te lê en aan 'n internasionale gehoor beskikbaar te stel. In die afgelope jaar het die Biblioteek die indieningsprosedures van elektroniese tesisse en proefskrifte vereenvoudig, en ook sy bekwaamhede verder ontwikkel om die Biblioteek se unieke versamelings te digitaliseer ten einde ook dít vir die internasionale navorsingsgehoor toeganklik te maak. Besondere aandag aan goeie inligtingsordening sal verseker dat alle groot soekenjins maklik en doeltreffend inligting van SUNScholar kan bekom.

# Pro-aktiewe dienslewering aan ons kliënte

Om binne die Kliëntedienste-omgewings, dit is, die omgewings in die Biblioteek- en Inligtingdiens wat verantwoordelikheid dra vir, onder meer, inligtings- en dokumentleweringsdienste en navorsingsondersteuning aan, en opleiding van kliënte te poog om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die uitkomste van die strategiese doelwitte vir 2009 van die Biblioteek- en Inligtingsdiens spesifiek, en die Universiteit in die breë, het die volgende sake gedurende die verslagjaar veral besondere aandag geniet.

By die inligtingsdienste-omgewings (dit is, binne die portefeuljes van die fakulteitsbibliotekarisse, Afdeling Inligtingsdienste, JS Gericke Biblioteek; die takibliotekarisse (hoofde) van die vyf takbiblioteke van die Biblioteek- en Inligtingsdiens; en die inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris) is veral gekonsentreer op verbeterde dienslewering aan kliënte, die opbou en opskerping van nuwe vaardighede van die betrokke personeel om deurlopend die ondersteuning aan primêre kliënte te optimaliseer, 'n verskerpte fokus op die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsvaardighede van kliënte, en die ontwikkeling van ruimtes binne die biblioteke ten einde die leer-, studie- en navorsingsbedrywighede van primêre kliënte optimaal te kan ondersteun.

Die doelwitte van hierdie omgewings tydens die verslagjaar was om uitvoering te gee aan die visie en doelwitte van die Universiteit om die deurvloeikoerse van studente aan die Universiteit optimaal te verbeter en om 'n navorsingsuniversiteit van wêreldformaat te wees.

## 1. Bronverskaffings- en dokumentleweringsdienste

By die Bronverskaffingsafdeling (uitleen, reserwe en interbiblioteeklenings) van die JS Gericke Biblioteek is daar in 2009 veral gekyk na die verbeterde toepassing van tegnologie om verdere uitvoering te gee aan die strewe na uitnemende kliëntediens en 'n bydrae te lewer tot 'n meer positiewe kliëntervaring. Derhalwe is 'n intensiewe ondersoek geloods en voltooi ten opsigte van die implementering van 'n elektroniese reserwestelsel vir kliënte en daar was beoog om die nuwe stelsel teen die einde van 2009 te implementeer. Die opgradering na die twintigste weergawe van die Aleph-biblioteekstelsel teen laat-2009 het egter die proses vertraag aangesien 'n aansienlike hoeveelheid aanpassings binne die nuwe weergawe by die module aangebring moes word om die elektroniese reserwestelsel optimaal te laat funksioneer. Die haakplekke behoort egter teen vroeg-2010 uitgeskakel te word en daar word voorsien dat die stelsel dus in die loop van 2010 geïmplementeer behoort te word.





'n Projek ten opsigte van die elektroniese lewering van dokumente aan kliënte binne die interleningsdiens is terselfdertyd geloods en alle ondersoeke en dokumentasie rondom die projek is gedurende die verslagjaar afgehandel. Daar is egter besluit om die implementering van hierdie projek terug te hou tot na die afhandeling van die implementering van die elektroniese reserwestelsel en gevolglik sal die projek ook in die loop van 2010 voltooi word.

Met die werk aan hierdie twee projekte gedurende die verslagjaar is daar derhalwe nader beweeg aan die ideale uitkomste van verbeterde toepassing van tegnologie tot voordeel van die biblioteekkliënt.

Na 'n volgehoue afname in die totale getal lenings sedert 2004, het die getal lenings in 2009 weer 'n opwaartse groei getoon wat die totaal op bykans dieselfde totaal as in 2007 gebring het. Dit mag moontlik dui op 'n stabilisering van die afwaartse tendens, maar dit sal eers in die volgende jaar of twee duideliker word.

Die totale getal interleningtransaksies wat in 2009 hanteer is (sowel aanvrae vanaf ander biblioteke as aanvrae vanaf ons eie kliënte), het weer, na 'n effense opswaai in 2008, 'n afwaartse tendens getoon. Dit bly steeds moeilik om te probeer bepaal in watter rigting interlenings neig omdat die plato wat talle buite-




landse biblioteke, na 'n lang afswaai van 'n aantal jare, reeds bereik het nog nie by die Biblioteek- en Inligtingsdiens te bespeur is nie. Hierdie statistieke word egter deurlopend fyn dopgehou.


## 2. Inligtingsgeletterdheidsontwikkeling

Met die goedkeuring van die Biblioteek- en Inligtingsdiens se voorlegging van sy Oorhoofse Strategiese Plan (OSP)-projek, "Toegang tot elektroniese bronne: studentesukses en ondersteuning vir navorsing", teen laat-2008 kon daar begin word om uitvoering te gee aan die strategiese visie van die Biblioteek- en Inligtingsdiens om 'n dinamiese, kliëntgesentreerde fasiliteit wat 'n integrale deel van die akademiese lewe van studente van die Universiteit Stellenbosch sal uitmaak en wat 'n substansiële bydrae sal lewer tot die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheids- en lewenslange leervaardighede van studente, daar te stel. Die verslagjaar is derhalwe gewy aan die beplanning vir hierdie opwindende en grondverskuiwende projek van die Biblioteek- en Inligtingsdiens: die finalisering van die befondsing, die ontwikkeling van argiteksplanne, beplanning te opsigte van die uiteindelike funksionering van die sentrum, en laastens, die hantering van tenderaansoeke en konstruksiebeplanning vir die projek wat in Februarie 2010 'n aanvang sal neem.


Verder tot die verskerpte fokus op die inligtingsgeletterdheidsontwikkeling van die kampusgemeenskap is die vroeëre pos van inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris in die loop van 2009 opgradeer na Senior Bibliotekaris en die addisionele verantwoordelikheid van die bestuur van die beoogde Leersentrum tot die posbeskrywing bygevoeg. 'n Nuwe aanstelling in hierdie opgegradeerde pos is laat in 2009 gedoen en die verantwoordelikhede ten opsigte van inligtingsgeletterdheidsontwikkeling oor alle inligtingsdienste-omgewings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens heen het 'n aanvang geneem. Die ontwikkeling en herbeskrywing van hierdie pos is 'n groot deurbraak in die inligtingsomgewing en daar word voorsien dat dit betekenisvol sal bydra tot 'n nog sterker fokus op inligtingsgeletterdheidontwikkeling wat vir 2010 voorsien word.

Een van die belangrike fokusse van die inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris in 2009 was deelname aan 'n aksie van 'n komitee aangewys deur die Committee of Higher Education Libraries of South Africa (CHELSA), wat die samestelling van 'n stel opleidingsriglyne binne die omgewing van inligtingsgeletterdheidsontwikkeling vir Suid-Afrika behels. 'n Landswye opname is by Suid-Afrikaanse akademiese biblioteke gedoen, 'n verslag is saamgestel en die taak is teen die einde van 2009 afgehandel met die Amerikaanse opleidingstandaarde wat as die riglynstandaarde vir Suid-Afrika aanvaar is.

Daar is verder begin om 'n volledige oudit te doen van alle kurrikulum-geïntegreerde, asook kurrikulum-verwante opleidingsprogramme wat deur die inligtingdienste-personeel vir studente aangebied word, met die oog op die verdere verskerpte fokus op inligtingsgeletterdheidsontwikkeling in 2010. Die inligtingsgeletterdheidsbibliotekaris is wyd op kampus betrek by, onder meer, die US Plagiaatbeleidstaakspan, die ontwikkeling van die *Maak sin van verwysings*-publikasie van die Taalsentrum, beplanning rondom die Nagraadse portaal van die kampus, asook die Wetenskapsvaardighede 172-program vir Natuurswetenskappe, met verdere vergaderings wat ten doel het om hierdie program ook verder by die Fakulteite Gesondheidswetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe uit te rol. Die betrokkenheid van die Biblioteek- en Inligtingsdiens by die ontwikkeling van hierdie program word veral as 'n besondere deurbraak beskou en lê sonder twyfel die grondslag vir verbeterde samewerking tussen die biblioteek en akademiese en ander omgewings op kampus ten opsigte van inligtingsgeletterdheidsontwikkeling vir die kampusgemeenskap.




Die aantal primêre kliënte wat in 2009 met opleiding deur inligtingsdienste-personeel bereik is, het eksponensieel vanaf 2008 toegeneem en kan grotendeels toegeskryf word aan die toenemende aanwending van WebStudies om meer primêre kliënte te



Tabel 1: Aantal persone opgelei volgens tipe kliënt 2007-2009

| | Groepe | | | Individueel | | | Totale | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2007 | 2008 | 2009 | 2007 | 2008 | 2009 | 2007 | 2008 | 2009 |
| Voorgraads | 9 947 | 8 727 | 17 174 | 4 423 | 3 840 | 3 372 | 14 370 | 12 567 | 20 547 |
| Nagraads | 2 333 | 1 570 | 2 745 | 3 204 | 2 273 | 1 595 | 5 537 | 3 843 | 4 340 |
| Dosente | 32 | 24 | 50 | 485 | 451 | 485 | 517 | 475 | 535 |
| Afkampusstudente | 80 | 252 | 0 | 29 | 5 | 26 | 109 | 257 | 26 |
| Nie-universiteitskliënte | 794 | 452 | 355 | 1 547 | 127 | 825 | 2 341 | 579 | 1 180 |
| **TOTAAL:** | **13 186** | **11 025** | **20 324** | **9 688** | **6 696** | **6 303** | **22 874** | **17 721** | **26 628** |

bereik. Veral by fakulteite soos Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Gesondheidswetenskappe het die gebruikmaking van WebStudies as alternatiewe opleidingsmeganisme 'n aansienlike toename getoon. Hoewel die skerp toename in opleidingstatistiek nie 'n ware weerspieëling is van die mate waartoe daarin geslaag is om die totale kampusgemeenskap met die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsvaardighede te bereik nie, weens die onafwendbaarheid van die gebruikmaking van koppetellings vir statistiese doeleindes, dui dit wel op 'n uitstekende prestasie van die inligtingsdienste-omgewings ten opsigte van hul toewyding tot inligtingsgeletterdheidsontwikkeling op kampus.

Soos die grafieke hierbo aandui, is die 100%-merk in 2009 by drie fakulteite bereik met groepsopleiding van studente. 'n Verdere verblydende aspek van die opleidingsresultate vir 2009 is dat daar, met uitsondering van twee fakulteite, 'n beduidende afname is in die individuele opleiding van kliënte en 'n groei in die persentasie kliënte wat met groepsopleiding bereik is. Hierdie was die afgelope aantal jare 'n strewe van die Biblioteek- en Inligtingsdiens en dit wil voorkom asof die beoogde ommeswaai besig is om plaas te vind.

## 3. Navorsingsondersteuning

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens was in 2009 bevoorreg om een van die ontvangers te wees van 'n $2 500 000 toekenning vanaf die Carnegie Korporasie van New York vir die implementering van die tweede fase van 'n projek in Suid-Afrika waarmee 'n nuwe model van navorsingsondersteuning deur akademiese biblioteke aan hul onderskeie akademiese gemeenskappe gevestig sal word. 'n Konsortium van Suid-Afrikaanse Navorsingsbiblioteke is in die eerste fase van die projek in 2006 gevestig, met ten doel die integrasie van vaardighede, vakgeleerdheid en tegnologie van die biblioteekdienste van die universiteite van Kaapstad, Witwatersrand en KwaZulu-Natal, ter ondersteuning van die bevordering van navorsing by hierdie instansies. In Februarie 2009 is 'n voorstel vir die uitbreiding van die projek, om die universiteite van Stellenbosch, Pretoria en Rhodes in te sluit, by die Carnegie Korporasie ingedien en in Junie 2009 is dit goedgekeur en het die Korporasie die toekenning vir 'n verdere drie jaar verleng om die tweede fase van die projek te kan implementeer.

Die projek sluit drie aanverwante komponente in. Dit is, die oprigting van 'n navorsingsentrum, vir gebruik deur nagraadse studente, akademici en navorsers, by elk van die deelnemende akademiese biblioteke; die daarstelling van 'n navorsingsportaal met 'n suite van soekhulpmiddele wat toeganklik sal wees vir nagraadse studente, akademici en navorsers van al die deelnemende instansies; en die ontwikkeling van die vaardighede van personeel van die deelnemende biblioteke om 'n nuwe kader van vaardige en kundige navorsingsbibliotekarisse binne die vermelde biblioteekdienste te vestig wat behoorlik toegerus sal wees om nou saam te werk met akademici en om 'n nuwe standaard van diens aan navorsers te kan lewer, ter optimale ondersteuning van die ontwikkeling van navorsing by hulle onderskeie moederinstansies.

Die beplanning vir die oprigting van die navorsingsentrum in die JS Gericke Biblioteek wat met die nuutste tegnologie toegerus sal wees om navorsing te ondersteun en as 'n sentrum vir kennisgenerering beplan word, het in 2009 reeds 'n aanvang geneem en sal in 2010 voortgesit word met die doel om die sentrum teen die einde van 2010 te voltooi. Werk aan die implementering van die Ex Libris Primo Discovery Tool vir die navorsingportaal het ook in 2009 begin, met onder meer ook Metalib/SFX-opleiding vir sleutelpersoneel wat in Desember 2009 plaasgevind het. Die gedeeltelike implementering van Primo word vir April 2010 en die finale implementering vir September/Oktober 2010 beplan. Vir die doel van die heropleiding van professionele personeellede van die onderskeie biblioteekdienste wat in 2009 deur middel van 'n amptelike aansoek- en keuringsprosedure geselekteer is, sal daar in 2010 en 2011 verskeie biblioteekakademies aangebied word, wat 'n intensiewe residensiële navorsingsopleidingsprogram in Suid-Afrika insluit, asook verdere opleiding van die toppresteerders van die plaaslike akademies by die Mortenson Sentrum (Universiteit van Illinois, Urbana-Champaign) en ander groot navorsingsbiblioteke in die VSA. Die eerste residensiële opleidingsprogram vind vanaf 12-23 April 2010 by Mont Fleur, Stellenbosch, plaas.

Die voorreg om deel te wees van hierdie besondere projek sal 'n noemenswaardige impak hê op die Biblioteek- en Inligtingsdiens se doelwit om 'n betekenisvolle professionele bydrae te kan lewer tot die Universiteit se visie van 'n navorsingsuniversiteit van wêreldgehalte.

## 4. Bydraes tot navorsingsuitsette

In die afdelings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens wat gemoeid is met die versameling en verwerking van spesiale versamelingsmateriaal, asook inligtingsdienslewering en navorsingsondersteuning in hierdie afdelings, is in 2009 spesifiek weer gefokus op die aanskaffing, hetsy deur aankope of deur skenkings, en voorbereiding van versamelings en items wat

waarde kan toevoeg tot navorsing en 'n positiewe bydrae kan lewer tot navorsingsuitsette.

### Afdeling Spesiale Versamelings, JS Gericke Biblioteek

'n Aantal nuwe versamelings, asook byvoegings tot bestaande versamelings is in die loop van die verslagjaar by die versamelings van die Dokumentesentrum gevoeg en van die belangrikste toevoegings sluit die versamelings van André Pretorius (fotograaf en bewaringskundige), Peter Snyders (skrywer, komponis en liedjieskrywer), Rykie van Reenen (joernalis), Johan Degenaar (filosoof), Hennie Aucamp (skrywer), Karel Schoeman (skrywer), DK Kotzé (geskiedkundige), Daniel Hugo (skrywer), Hermann Giliomee (akademikus en skrywer) en Barry Roelou (sakeman) in.

In 2009 is 220 nuwe titels vir Africana aangekoop. Twee aankope wat uitgesonder kan word, is die aankoop van nommer 233 uit 'n beperkte uitgawe van 500 van *Forces of nature: the sculpture of Dylan Lewis*, in 'n unieke omslag (Lewis is 'n bekende Stellenbosse beeldhouer), asook volume 5 van die *Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie*, 'n pragpublikasie met uitstekende hoë kwaliteit uitbeeldings van kaarte van Afrika uit die tyd van die VOC. Skaars tweedehandse titels wat ook vir die afdeling aangeskaf is, is *In search of Breaker Morant: balladist and bushveldt carbineer* deur Margaret Carnegie, 1979 en *The political economy of South Africa* deur Ralph Horwitz, 1967.

Vir die Beskermde Versameling is in 2009 twee noemenswaardige aankope op aanbeveling van die Departement Visuele Kunste gedoen, naamlik *The baby brick: Karl Fritsch*, 2007, wat in 11 x 13 cm blokformaat gebind is, asook *The compendium finale of contemporary jewellers, 2008,* saamgestel deur Andy Lim. Hierdie boek stel die werk van vier dosente en studente by die Departement Visuele Kunste ten toon.

Daar was weer, soos in voorafgaande jare, talle voorbeelde van tasbare uitkomste van die inligtingsverskaffing en navorsingsondersteuning wat deur personeel van die afdeling aan kliënte voorsien word, met talle publikasies en ander aktiwiteite wat 'n direkte resultaat was van navorsing in die afdeling:

- *Briewe van Peter Blum* / geredigeer en ingelei deur JC Kannemeyer, met die medewerking van Amanda Botha .. [et al]. Hermanus : Hemel & See Boeke, 2008.
- *Steeds op die parlementêre kolfblad* / Japie Basson. Kaapstad : Politika, 2008. Die Dokumentesentrum is in besit van die Japie Basson-versameling.
- *Draer van 'n droom: die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 1909-2009* / Pieter Kapp. Hermanus : Hemel & See Boeke, 2009. Navorsing vir hierdie werk het oor 'n paar jaar gestrek. Van die navorsing is in die Dokumentesentrum gedoen en illustrasiemateriaal is ook deur die afdeling verskaf.
- *Versamelde Boesmanstories* / saamgestel deur GR von Wielligh; voorwoord deur Hennie Aucamp. Pretoria : Protea Boekhuis, c2009. Die oorspronklike uitgawes van *Boesmanstories* in die Africana-afdeling is deur die uitgewers gebruik, terwyl Hennie Aucamp navorsing vir die voorwoord onder meer in die Dokumentesentrum gedoen het.
- *Knowledge and colonialism: eighteenth-century travellers in South Africa* / by Siegfried Huigen. Leiden : Brill, 2009. Die illustrasies vir hierdie publikasie is grootliks afkomstig uit die afdeling.
- *Preserving a house* / Jos Baker. Cape Town, 2009. Die publikasie bevat inligting en 'n afbeelding van 'n unieke Boonzaier-skildery van Klein Zoar in besit van die Biblioteek- en Inligtingsdiens.
- *Stellenbosch and the Muslim communities, 1896-1966* / Chet James Paul Fransch. MA in Geskiedenis, 2009.
- *The story of a disease: a social history of African horsesickness c.1850-1920* / Stefanie Josepha Emilie Vandenbergh. MA in Geskiedenis, 2009.
- Artikel oor Robey Leibbrandt deur Barnie Louw in *WegRy*, no. 14, Augustus 2009.

### Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS), Musiekbiblioteek

Nuwe versamelings wat in die loop van 2009 bekom is, sluit die versamelings van Christopher James, die US Koor (verskuif vanaf die Afdeling Spesiale Versamelings, JS Gericke Biblioteek, na DOMUS), G Cillié jr, die Suider-Afrikaanse Kerkorreliste Vereniging (SAKOV), Bouwer van Rooyen, Lionel Bowman en die International Society for Contemporary Music (ISCM): NewMusicSA in.

Werk in 2009 aan artikels wat voortgevloei het uit navorsing in die DOMUS-versamelings sluit, onder meer, die publikasie van Stephanus Muller en Stephé Oosthuysen oor die Anton Hartman-Arnold van Wyk korrespondensie; 'n Festschrift ter ere van prof Izak Grové deur Stephanus Muller en Sharon de Kock; 'n DOMUS-uitgawe van Hennie Aucamp se Afrikaanse tekste oor kabaret en 'The creation of an electronic database of South African music collections', *Musicus*, 2009 in.

'n Aantal referate, gebaseer op materiaal afkomstig uit DOMUS, is ook tydens verskeie geleenthede in die loop van 2009 gelewer en sluit onder meer, die volgende in: Hilde Roos oor die EOAN-groep, Santie de Jongh oor die Databasis van Musiekversamelings in Suid-Afrika (gebaseer op haar Meestersgraad-studie) en Mathildie Thom-Wium oor die werke van Arnold van Wyk (almal tydens die International Association of Music Libraries, Archives and Documentation Centres (IAML) Konferensie, gesamentlik met die International Music Society Konferensie in Amsterdam, Nederland in Julie 2009). Eersgenoemde twee persone het ook referate oor die gemelde onderwerpe tydens die South African Society for Research in Music (SASRIM) Kongres in Durban, Julie 2009, gelewer.

Nagraadse studie in 2009, hoofsaaklik geskoei op materiaal afkomstig uit die DOMUS-versameling, sien soos volg daaruit:

- *Die ontstaangeskiedenis van Die Oranjeklub, met spesiale verwysing na die bevordering van die Afrikaanse toonkuns* / Yolanda Botha
- *Exploring Authenticity in Performance: A Comparative Performance Analysis of Arnold van Wyk's Night Music for Piano* / Pinto Ribeiro, Bruno Alfredo
- *The Influence of early Apartheid Intellectualisation on Twentieth-Century Afrikaans Music Historiography* / Carina Venter
- *Exploring Displacement as a Theoretical paradigm for Understanding John Joubert's Opera 'Silas Marner'* / Stephanie Vos
- Die afgehandelde doktorale studie van Hilde Roos oor opera in Suid-Afrika sluit, onder meer, 'n hoofstuk oor die

| Tabel 2: Voorste 20 databasisse (Volteks afgelaai) | | | |
|---|---|---|---|
| **1** ScienceDirect | 390 761 | **11** ProQuest Medical Library | 17 824 |
| **2** JSTOR | 123 580 | **12** Westlaw International | 15 903 |
| **3** Academic Search Premier | 100 266 | **13** PsycARTICLES | 15 312 |
| **4** Academic OneFile | 67130 | **14** Oxford English Dictionary | 12 807 |
| **5** Wiley InterScience | 63 387 | **15** Academic Search Complete | 8 952 |
| **6** Business Source Premier | 50 468 | **16** Biomed Central | 7 420 |
| **7** SpringerLink | 42 364 | **17** Royal Society of Chemistry Journals | 6 101 |
| **8** American Chemical Society Journal | 22 451 | **18** ATLA Religion database with ATLA Serials | 5 680 |
| **9** Emerald | 21 897 | **19** CINAHL (Cumulative Index to Nursing and Allied Health) | 5 132 |
| **10** Journals@Ovid (Lippincott Williams & Wilkins) | 19 395 | **20** ProQuest Education Journals | 5 090 |
| **TOTAAL** | | | **998 353** |

EOAN-groep in.

- Magdalena Oosthuizen se doktorale studie oor die solo vokale werke van Arnold van Wyk is onderweg.
- Mathildie Thom-Wium se doktorale studie oor die klavierwerke van Arnold van Wyk is onderweg.
- Elzahn Johnson se magisterstudie oor Lona Antoniadis, voormalige dosent aan die Konservatorium en dirigent van die Stellenbosse Jeugorkes, is onderweg.

Met al die bovermelde ontwikkelings het die kliëntedienste-omgewings daarin geslaag om weer in 2009 verder by te dra tot die visie van die Biblioteek- en Inligtingsdiens om te transformeer vanaf 'n tradisionele akademiese biblioteek tot 'n hoogsinteraktiewe leerruimte wat waarde toevoeg tot 'n veranderende pedagogie wat kritiese denke en lewenslange leer vooropstel.

## Opbou en aanvulling van 'n volledige reeks inligtingsbronne

Die opbou van 'n ryke, lewendige versameling inligtingsbronne met akademiese diepte en tersaaklikheid vir die Universiteit, is een van die Biblioteek se belangrikste strategiese doelwitte. Die Biblioteek se bronversameling maak die kern van sy inligtingsdiens uit. Dit is noodsaaklik om doeltreffende deurvloei, navorsingsuitsette en studentesukses te verseker. Die Biblioteek werk ook hard om te verseker dat sy versameling doeltreffend bestuur en in stand gehou word. Biblioteekpersoneel wy deurlopend hul energie en aandag aan die beste wyse om materiaal te kies en te lisensieer, sodat net die mees tersaaklike materiaal aangekoop word; die beste toegang teen die beste prys beding word; en ons kliënte onverhinderde toegang tot hierdie bronne ontvang.

### 1. Nuwe bronne

Gedurende 2009 het personeel van die Bestelafdeling ten nouste met kliëntedienstepersoneel saamgewerk om te verseker dat slegs die tersaaklikste vaktydskrif-, boek- en databasistitels vir die Biblioteek bekom word. Baie kernbronne, met onderwerpspesialismes wat spesifiek vir die pas goedgekeurde OSP-prioriteite voorsiening maak, is aangekoop en op ingeteken. Dit sluit die volgende in:

- *AccessMedicine*: Aanlyntoegang tot kern- mediese handboeke wat mediese onderrig en navorsing ondersteun
- *CSA Illustrata Technology:* CSA Illustrata is 'n vernuwende navorsingsinstrument wat navorsers in staat stel om figure, grafieke en ander data op te spoor wat soms diep in navorsingsdokumente opgesluit lê
- *Scopus*: Die grootste indekserings- en opsommingsdatabasis wat die belangrikste wetenskaplike, tegniese, mediese en sosialewetenskaptydskrifte dek
- *Henry Stewart Talks/Biomedical Collection:* Aanlynseminare deur die voorste wetenskaplikes ter wêreld
- *DieselNet*: 'n Inligtingsdiens oor dieselenjins en dieseluitlaatgasse
- *UptoDate*: Bied die Universiteit toegang tot die wêreld se grootste inligtingsbron vir die kliniese gemeenskap wat deur mediese eweknieë beoordeel word

### 2. Vrye toegang ("Open Access"): 'n toenemende prioriteit


Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het institusionele lidmaatskap van *Biomed Central* (BMC) bekom. BMC is 'n aanlynuitgewer wat in biologiese en mediese navorsing spesialiseer. Dié lidmaatskap bied navorsers die geleentheid om gratis te publiseer, en voorsien boonop gratis en vrye toegang tot die ewekniebeoordeelde vaktydskrifte uit die BMC-stal. Die fasilitering van vryetoegangsnavorsing sal die Universiteit se navorsingsuitsette help ten toon stel en navorsingskapasiteit in die streek uitbou.

### 3. Elektroniese boeke as belangrike leer- en onderriggereedskap

In 2009 het die Biblioteek 585 elektroniese boeke (e-boeke) aangekoop. Elke jaar vul die Biblioteek sy waardetoevoegende vakkundige e-boekversameling aan. Deur e-boeke vir ons gebruikers aan te skaf stel ons hulle bloot aan die jongste onderrig-en leertegnologieë, wat heelwat meer voordele as hul gedrukte eweknieë bied.

Die belangrikste aankope sluit die *Springer Biomedical and Life Sciences*-e-boekreeks en *Sage*-e-handboeke in. Die *Springer*-versameling bevat kernbronne op die gebied van geneeskunde,

Grafiek 5: Grootte van boekversameling 1999-2009



voedselbiologie, omgewingskunde en plantkunde. Die *Sage*-reeks dek weer kernnavorsingsgebiede soos kommunikasie- en massamediastudie, gebieds- en etniese studie, familiestudie en teologie. Al hierdie vakgebiede maak 'n belangrike deel uit van verskeie OSP-projekte.

### 4. Gedrukte boekversameling

Oor die afgelope paar jaar moes die Biblioteek, weens verskeie uitdagende faktore soos swak wisselkoerse en die immer toenemende koste van bronne, 'n gedeelte van sy boekbegroting aanwend om elektroniese bronne mee aan te skaf. Dít is deesdae 'n algemene tendens in groter akademiese biblioteke, wat 'n skerp toename in die behoefte aan kitsaanlyntoegang tot ewekniebeoordeelde akademiese vaktydskrifte ervaar. Selfs in hierdie omstandighede kon die Biblioteek egter steeds sy gedrukte versameling met tersaaklike vakkundige boektitels uitbrei.


### 5. Elektroniese tydskrifte

Die meeste van ons individuele tydskrifsubskripsies is papiergebaseerd, wat gedrukte en elektroniese publikasies insluit. Met verloop van jare het daar egter 'n grootskaalse verskuiwing plaasgevind vanaf slegs gedrukte tydskrifte na subskripsies wat gedrukte en elektroniese toegang saamvoeg. Die bestuur van hierdie formaatkombinasies het al hoe ingewikkelder en meer hulpbronintensief geword. In baie gevalle, waar uitgewers voorheen gratis aanlyntoegang saam met gedrukte toegang gebied het, kos aanlyntoegang deesdae ekstra. Daarbenewens skei baie uitgewers nou die gedrukte en elektroniese weergawes van tydskrifte, en ten einde op sowel gedrukte as elektroniese weergawes in te teken, het die Biblioteek dus twee afsonderlike subskripsies – een vir elke formaat. Die aanlynweergawes bied waardevolle toegang tot ou uitgawes en die argief. Hierdie weergawes is egter gewoonlik veel duurder as hul gedrukte eweknieë.

Soos uit onderstaande gebruikstatistieke blyk, word elektroniese tydskrifte wyd op kampus gebruik, en verwag die akademiese gemeenskap outomaties kitstoegang tot ewekniebeoordeelde, volteks artikels. Die Biblioteek is stelselmatig besig om gedrukte tydskrifte (wat gedrukte en elektroniese publikasies insluit) na suiwer elektroniese formate om te skakel om in hierdie toenemende behoefte aan aanlyninhoud te voorsien. In 2010 sal een van die Bestelafdeling se hooffokusgebiede wees om die huidige gedrukte tydskrifversameling te beoordeel, en inligting oor formaatveranderinge en aanlyntydskrifbehoeftes van fakulteite en fakulteitsbibliotekarisse in te win.

Buiten intekening op individuele tydskrifte, het ons ook toegang tot meer as 43 000 aanlyntydskrifte deur middel van ons elektroniese databasisse en groter tydskrifwebportale. Ons kliënte maak wyd gebruik van, en onderneem omvattende soektogte op, ons elektroniese tydskrifwebblad (die Biblioteek se A-tot-Z-lys van aanlyntydskrifte).

Soos uit bostaande blyk, bestaan daar 'n immer toenemende behoefte aan goeie, ewekniebeoordeelde, volteks aanlyntydskrifinhoud. Akademiese personeel en navorsers vereis spesifiek toegang tot ou uitgawes, en daarom is dit noodsaaklik ter ondersteuning van hoëvlaknavorsing by die Universiteit. Soos tabel 2 aandui, is Elsevier-tydskrifte uiters gewild by gebruikers, en is meer as 390 000 artikels gedurende 2009 van Elsevier se ScienceDirect-koppelvlak bekom. Sedert die einde van 2009




beskik die Biblioteek ook oor die volle versameling ou ScienceDirect-uitgawes.

## Optimale gebruik van ons finansiële bronne

Die totale toegekende begroting van die Biblioteek- en Inligtingsdiens asook ander inkomste vir 2009, in vergelyking met 2008, is soos volg:

**Tabel 3: Begroting en ander inkomste**

| Begroting | 2008 | 2009 |
|---|---|---|
| Institusioneel (materiaal) | R 33 605 627 | R 38 424 263 |
| Bedryf | R 4 534 798 | R 4 999 236 |
| Meubels en toerusting | R 640 161 | R 688 173 |
| Salarisse | R 17 674 892 | R 20 365 009 |
| Ander inkomste | R 3 378 131 | R 2 912 345 |
| **Totaal** | R 59 833 609 | R 67 389 026 |

Die totale bedrag wat in 2009 op die institusionele begroting van R38 424 263 spandeer is, was R36 122 718 (94%). Die onbestede bedrag van R2 301 545 (6%) was die gevolg van 'n gunstiger wisselkoers in die laaste paar maande van 2009, asook die skedulering van faktuurbetalings vir 2010-items vir betaling in Januarie 2010, eerder as aan die einde van 2009.

Die institusionele (materiaal-) begroting is vanaf 2008 na 2009 met 14.3% verhoog. Die totale toekenning van R38 424 263 het 'n addisionele toekenning van R1 116 263 ingesluit. Hierdie addisionele toekenning was nodig om tekorte aan te spreek wat ontstaan het weens die ongunstige wisselkoers aan die begin van 2009.

In ooreenstemming met die Senaatsbesluit van 10 Oktober 2008, is surplusbedrae op fakulteitsbegrotings aan die einde van 2009 oorgedra na die balansfonds (B-rekening) van die Biblioteek vir aanwending van materiaalaankope volgens die diskresie van die Biblioteek.

Nuwe bronne is selektief gekies en die begroting noukeurig gemoniteer om te verseker dat alle fondse optimaal gebruik is. Waar nodig, is duurder bronne aangekoop deur middel van die South African National Library and Information Consortium

(SANLiC). Betrokkenheid by hierdie hoëronderwys biblioteekkonsortium stel die Biblioteek in staat om met uitgewers te onderhandel vir koste-effektiewe pryse vir kernbronne.

## Ons personeel en personeelontwikkeling

### 1. Ons personeel

Teen die einde van 2009 het die permanente personeelkomponent van die Biblioteek- en Inligtingsdiens uit 110 poste bestaan.

Me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens, is as President van IFLA (International Federation of Library Associations and Institutions) ingehuldig tydens die afsluitingsessie van IFLA se "World Library and Information Congress" in Milaan, Italië, op 27 Augustus 2009. Me Tise is die eerste Suid-Afrikaner wat hierdie rol vervul.

Mnre JJ George en WK Klapwijk ontvang in 2009 die Rektor se toekenning vir voortreflike diens en mevv M Minnaar en J Swartz en me C Truter ontvang elk 'n langdienstoekenning vir 25 jaar diens aan die Universiteit.

Me LA Adams het die M Bibl-graad (UWK) suksesvol in 2009 voltooi en sal die graad tydens die eerste UWK-gradeplegtigheid vroeg in 2010 ontvang. Vier personeellede van die Biblioteek- en Inligtingsdiens was in 2008 besig met formele graadstudies, waarvan een nagraadse studie en die res voorgraadse studies was. Een personeellid het ook in 2009 met die PLUS-program van die Universiteit begin. Mev H Swart, mnr DG Mostert en me R Faasen het in 2009 as mentors opgetree vir personeellede wat die PLUS-program gevolg het.

Naas die talle interne komitees van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, het verskeie personeellede tydens die verslagjaar verder sinvol bygedra deur hul lidmaatskap van komitees en rade op kampus en wyer, soos, onder meer, die Raad van Sabinet Online (Senior Direkteur: me ER Tise), die Raadgewende Komitee vir Biblioteekprodukte van Sabinet (me AS Schoeman, me M Bergh en mev D Pretorius), die Verteenwoordigende Raad van die Library Association of South Africa (LIASA) (dr R Raju en me M Roux), die Tegniese Komitee van die Nasionale Navorsingsraad (mnr W Klapwijk), die Raad van die Sentrum vir Stripkuns, Illustrasie en Boekkuns (CCIB) van die Universiteit Stellenbosch (me M Seyffert), die Reëlingskomitee vir Teologie Stellenbosch 150+ van die Universiteit (me B Gericke), en andere.

### 2. Personeelopleiding en -ontwikkeling

Daar is weer in 2009 toegesien dat 'n volledige opleidings- en ontwikkelingsprogram vir personeel in alle afdelings van die Biblioteek- en Inligtingsdiens opgestel is (en die nodige opleiers gevind is) waarmee aan al die opleidingsbehoeftes van die individu aandag geskenk kon word. Dit is gebaseer op die vereiste bevoegdhede vir die onderskeie posbeskrywings.

Die interne personeelopleidings- en ontwikkelingsessies ter opskerping en voorbereiding vir die strategiese eise van die werksomgewing, wat vanaf 2007 met groot sukses sowat twee keer per maand vir personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens aangebied is, is in 2009 voortgesit. Sowat 11 geleenthede met aanbiedings wat gewissel het van informele opleidingsessies en formele aanbiedings deur genooide sprekers, tot aanbiedings deur lede van die biblioteekpersoneel, is gereël. Inaggenome die feit dat bywoning van geeneen van hierdie geleenthede verpligtend vir personeel was nie, was die gemiddelde bywoningsyfer per sessie oor die algemeen bevredigend.

Binne die bovermelde personeelopleidingsplan vir 2009 het 'n groot getal personeellede gedurende die verslagjaar deelgeneem aan 'n wye verskeidenheid verdere opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede, wat in hoofsaak gebaseer was op die ontwikkeling van die bevoegdhede wat van personeellede vereis word om hul onderskeie dagtake optimaal te kan verrig. Met hierdie opleidings- en ontwikkelingsgeleenthede waarvoor befondsing uit die biblioteek se begroting voorsien is, is egter ook die breër ontwikkeling van personeellede in ag geneem, naamlik dit wat van hulle afgeronde en produktiewe individue en werknemers van die Universiteit sou maak en wat hul welwees sou bevorder.

### 3. Professionele bydraes: aanbiedings/referate/toesprake/artikels

Me ER Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdienste, het in die loop van die verslagjaar verskeie aanbiedings gelewer by konferensies en ander geleenthede, onder andere:

- *Access to Knowledge through Libraries: Information Services and Information Literacy Today*. IFLA Presidensiële byeenkoms, Berlyn, Duitsland, 15-20 Februarie 2009.
- *Libraries Driving Access to Knowledge*. Deense Biblioteekvereniging se Jaarlikse konferensie, Aalborg, Denemarke, 11-13 Maart 2009.
- *Challenges for academic libraries in Africa and resolutions sought*. Jaarlikse konferensie van die American Library Association, Chicago, VSA, 9-15 Julie 2009.
- *Challenges and successes of libraries and library associations in Sub-Saharan Africa*. Jaarlikse konferensie van die American Library Association, Chicago, VSA, 9-15 Julie 2009.
- *Convergence and libraries meeting the needs of people with print disbabilities*. P3 IFLA Pre-konferensie, Mechelen, België, 17-20 Augustus 2009.
- *IFLA on the move*. LIASA konferensie, Bloemfontein, 28 September-2 Oktober 2009.
- *Change, Transformation, Partnerships: The Future of Academic Libraries*. Universiteit van Delhi, Indië, 5-8 Oktober 2009.
- *Isolation and Information famine stifling Africa's growth*. 2009 Mortenson Distinguished Lecture, Universiteit van Illinois, Urbana-Champaign, VSA, 26 Oktober 2009.
- *Public Libraries contributing to societal change*. Internasionale Leiersberaad oor Openbare Biblioteke, Shenzhen, China, 16-20 November 2009.
- *Open Access: An imperative for growth and development*". Berlin7 Open Access konferensie, Parys, Frankryk, 2-4 Desember 2009.
- *Access to electronic resources: student success and support for research*. Boschfees, Universiteit Stellenbosch, 9-10 Desember 2009.

Dr R Raju, Direkteur: Informasietegnologie en Kommunikasie het ook die volgende referate by verskillende geleenthede gelewer tydens 2009:

- *Statutory status: is NOW the right time?* Winterkonferensie van die Centre for Information Career Development, Pretoria, 29 Junie-1 Julie 2009.
- *The progression from repositories to institutional repositories: a comparative examination of repositories at the Durban University of Technology and Stellenbosch University* (gesamentlik met Roy Raju). Addis Ababa, Ethiopië, 1-3 Julie 2009.
- *Report on the issue of the quest for the acquisition of statutory status for LIASA*. LIASA konferensie, Bloemfontein, 28 September–2 Oktober 2009.
- *Whither to or wither to LIASA?* Algemene Jaarvergadering, Vrystaatse Tak van LIASA, 19 Augustus 2009.

Dr Raju was ook tydens die verslagjaar mede-outeur van 'n hoofstuk in die volgende publikasie: Raju, R and Raju, J. 2009. Current status of academic libraries in Africa. In Abdullahi, I.H. (Editor-in-Chief). *Global Library and Information Science*. Munchen: K.G. Saur Verlag. pp 45-67.

Me M Seyffert, hoof van die Afdeling Spesiale Versamelings, het 'n lesing en uitstalling omtrent Afrikaanse Letterkunde in die Dokumentesentrum vir die Strand Leeskring aangebied. Me Seyffert het ook verskeie artikels, wat handel oor kosbare en interessante versamelings van die Dokumentesentrum van die Biblioteek- en Inligtingsdiens, in die loop van 2009 in die *By*-byvoegsel van *Die Burger* die lig laat sien.

Mev A Schaafsma van die Afdeling Spesiale Versamelings het 'n aanbieding en uitstalling oor Botaniese illustrasie vir die Kaapse Bibliofiele Vereniging aangebied.

## Doeltreffende toepassing van inligtingstegnologie

Die voorsiening van 'n uitnemende biblioteekdiens ter ondersteuning van die verwesenliking van die Universiteit se doelwit van toenemende studentedeurvloei en navorsingsuitsette word onderstut deur die Biblioteek se doeltreffende en doelmatige toepassing van hedendaagse inligtingstegnologie. In die strewe na sodanige doeltreffendheid en doelmatigheid, het die Biblioteek twee strategiese aksies by sy huidige bedryfswerksaamhede gevoeg.

Die eerste aksie was om die Digitale Navorsingsbewaarplek vir die Universiteit se publikasie- en digitale versamelings verder te ontwikkel en uit te brei. Die bewaarplek vir tesisse en proefskrifte, SUNeTD, het in 2009 verder tot sowat 3 000 items aangegroei. 'n Totaal van 649 tesisse en proefskrifte is vir graduceringsdoeleindes by die SUNeTD-argief ingedien (383 vir die Maart 2009-gradeplegtigheid, en 'n verdere 266 vir die Desember 2009-plegtigheid). SUNeTD is 'n volteks databasis en is een van drie Suid-Afrikaanse bewaarplekke onder die voorste 300 wat die meeste besoek word. Wat egter selfs meer noemenswaardig is, is die feit dat die Biblioteek vanaf 2009 nie meer sy versameling gedrukte afskrifte van tesisse en proefskrifte aanvul nie. Studente en/of akademici dien deesdae tesisse en proefskrifte slegs in elektroniese formaat in. Dit beloof goed vir die eksponensiële groei van die Digitale Navorsingsbewaarplek in die jare wat voorlê.

Voorts het die bewaarplek self aansienlik uitgebrei om ook die Universiteit se ander intellektuele uitsette, waaronder navorsingsartikels en konferensieverrigtinge, in te sluit. Die Digitale Navorsingsbewaarplek het dermate gegroei dat dit 'n nuwe identiteit geverg het om die groter ambisies van die fasiliteit te weerspieël – vandaar die nuwe titel SUNScholar, wat van nuwer weergawes van die oopbronsagteware DSpace gebruik maak.

Die uitbreiding van SUNScholar vereis natuurlik ook die uitbreiding van vaardighede van die personeel in die Biblioteek se Afdeling Informasietegnologie. Die Biblioteek het derhalwe as medegasheer van 'n DSpace-werksessie opgetree, waar genooide eksperte uit België kundige opleiding aan al die deelnemers, wat die gashere insluit, gebied het.

Die tweede strategiese aksie was om wyses te ondersoek om toegang tot die Biblioteek se inligtingsbronne te verbeter. Een van die werksaamhede met betrekking tot hierdie aksie was die suksesvolle opgradering van die Aleph- geïntegreerde biblioteekbestuurstelsel, van weergawe 18 na weergawe 20. Dit was 'n reusetaak, aangesien die produksiesiklus van die CALICO-implementering twee weergawes moes inhaal weens die stelselshersieningsproses wat van 2007 tot 2009 onderneem is. Die Aleph-opgradering was een van die uitkomste van die stelselshersieningsproses, en is suksesvol afgehandel. Die jongste Aleph-weergawe voorsien makliker integrasie by nuwer opspoor-tot-aflaaistelsels. Die Biblioteek koester die verwagting dat die nuwer opspoor-tot-aflaaistelsels die instelling se virtuele toegang beduidend sal verbeter.

## Kommunikasie en bemarking

Soos kommersiële ondernemings, maak akademiese biblioteke staat op bemarkingstrategieë om hul kliëntebasis voortdurend van hul produkte en dienste bewus te maak en te hou. In 'n era van veranderende pedagogieë en snelle vooruitgang van gepaardgaande tegnologie, moet akademiese biblioteke daadwerklik verseker dat hul dienste en produkte voortdurend onder hul gebruikersgemeenskappe se aandag gebring word. Vir die eerste keer in die geskiedenis het biblioteke nou ''n mededinger', naamlik die groot soekenjins. Dit sal tot die Biblioteek se eie nadeel wees om nie op die Google-verskynsel ag te slaan nie, ten spyte daarvan dat swak geordende inligting in wese neerkom op geen toegang tot inligting nie.

Die Biblioteek het gedurende 2009 'n aantal werksaamhede onderneem om 'n nouer band met sy gebruikersgemeenskappe te smee, en sigbaarheid en bewustheid van die bestek en verskeidenheid van die Biblioteek se dienste, fasiliteite en bronne te verhoog. Van hierdie werksaamhede is die volgende:

– Nasionale Biblioteekweek in Maart was 'n hoogtepunt, en is met behulp van verskeie geleenthede gevier om die waarde en rol van die Biblioteek- en Inligtingsdiens op kampus te beklemtoon:
    - Fotokompetisie – "The Library @ a Different Angle", 9-20 Maart

- Darwin 200 jaar: Uitstalling, JS Gericke Biblioteek Die uitstalling het 'n eerste uitgawe van *The origin of species* uit die Biblioteek se Beskermde Boeke-versameling, biografieë van Darwin, werke oor die tog van *The Beagle*, en publikasies oor sy teorieë ingesluit.
- Boekebespreking: Willemien Brümmer en Loftus Marais
- Opleiding: RefWorks (verwysings- en bibliografiese instrument) – Bekendstelling en oorsig
- 'n Koffiekroeg

– Die biblioteeknuusbrief, *Bibnuus*, het drie keer verskyn, en is nie net aan die gewone biblioteekgebruikers gestuur nie, maar ook aan die groter publiek, wat internasionale biblioteke insluit.

– Die eerste uiters suksesvolle Dokumentesentrum-lesing , naamlik *Audrey Blignault: om 'n lewe lank kaal onder die volmaan te dans,* het in Maart 2009 plaasgevind. Baie positiewe terugvoer is ná die geleentheid ontvang. Die lesingreeks self is 'n besondere bemarkingsinstrument vir die Dokumentesentrum, en die aanloop tot die lesing het ook 'n koerantberig in die *By*-byvoegsel van *Die Burger* behels. Die berig getiteld "Mense lewe op papier" deur Mimi Seyffert het op 28 Februarie 2009 verskyn, en het tot heelwat navrae oor en belangstelling in die Dokumentesentrum gelei. Na aanleiding van hierdie artikel het die digter Peter Snyders byvoorbeeld die Dokumentesentrum oor die skenking van 'n gedeelte van sy dokumentêre nalatenskap genader.

– Nuusitems om nuwe bronne, geleenthede en opleidingsgeleenthede te bevorder en algemene inligting oor die Biblioteek oor te dra is vir *Kampusnuus*, *Die Matie*, Matie FM en Boschtelegram geskep, onder andere met betrekking tot die Navorsingsondersteuningsportaal, RefWorks, Scopus BioMed Central,en die IFLA-konferensie van 2009.

– Die Biblioteek het in 2009 met die "Creative Quill"-skryfkompetisie van die Studenteraad saamgewerk, en die eerste pryse geborg wat aan die wenners in die kategorieë Engelse digkuns, Engelse kortverhale, Afrikaanse digkuns en Afrikaanse kortverhale onderskeidelik toegeken is.

– 'n Verskeidenheid aktuele uitstallings, byvoorbeeld oor die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, Darwin 200 jaar, en Breyten Breytenbach 70 jaar, hoofsaaklik met materiaal uit die JS Gericke Biblioteek-versameling, is in die Biblioteek, in die Afdeling Spesiale Versamelings sowel as by takbiblioteke aangebied.

– Op 27 Oktober 2009 het die Biblioteek met die Wes-Kaapse tak van LIASA saamgespan om gasheer te speel vir 'n afvaardiging biblioteek-en-inligtingsdiensberoepslui uit die Verenigde State. Die doel van die seminaar was om kennis en beste praktyke oor bepaalde kwessies van die beroep uit te ruil. Ongeveer 80 kollegas uit die Wes-Kaapse biblioteek-en inligtingsektor het die seminaar bygewoon.

## Strategiese Rigtings 2010-2015

Teen die einde van 2009 is die Biblioteek- en Inligtingsdiens se Strategiese Plan 2007-2009 hersien, en is 'n nuwe plan vir 2010-2015 ontwikkel. Die ontwikkeling van dié plan is deur belangrike noodsake gerig, soos die veranderende pedagogiese paradigma, en die snel ontwikkelende tegnologie. Ander faktore wat tot die ontwikkeling van die plan bygedra het, sluit in 'n omvattende selfbeoordeling en die gepaardgaande eksterne verifikasie en SWOT-ontledings. Die eksterne beoordelaars het 'n ondersoek na die robuustheid van die Biblioteek se visie en missie aanbeveel. Op dié aanbeveling is die Biblioteek se visie, missie en waardes uiteindelik hernu. Die nuwe visie is "Jou dinamiese vennoot in akademiese uitnemendheid", met die missie om 'n vernuwende inligtingsdiens en leerruimte van wêreldgehalte aan die Universiteit Stellenbosch-gemeenskap te bied. Die strategiese doelwitte is hersien en meer in pas met die Universiteit se Strategiese Navorsingsplan 2010-2015 en die Oorhoofse Strategiese Plan gebring. Die doelwitte is soos volg:

1. Om die Biblioteek in 'n lewendige en verwelkomende fisiese en virtuele ruimte te ontwikkel wat samewerking, sosiale skakeling sowel as privaat studie en oordenking sal aanmoedig.
2. Om die beste inligtingstegnologie-infrastruktuur te bied ter ondersteuning van tegnologieryke leerruimtes en die behoeftes van die gebruikersgemeenskappe.
3. Om 'n volledige reeks inligtingsbronne aan te vul en te verbeter.
4. Om 'n positiewe organisatoriese kultuur van leer en innovasie onder personeel aan te moedig.
5. Om hoëvlak- vakkundige publikasie-uitsette te ondersteun, te ontwikkel en daartoe by te dra.
6. Om met fakulteite saam te werk in die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheidsvaardighede.

Kernfokusgebiede vir 2010 sluit in die voltooiing van die Leer- en Navorsingsentrums onderskeidelik, toenemende samewerking en bydraes deur die Biblioteek met betrekking tot die ontwikkeling van inligtingsgeletterdheid, en die uitbreiding van SUNScholar om die navorsingsuitsette van die Universiteit vas te lê en te bewaar, betroubaarheid te verseker, en die doeltreffendste inligtingsinwinning deur die toonaangewende soekenjins moontlik te maak.

**April 2010**